Sestiende Gebruiksafrikaans-Olimpiade

27 Februarie 2003

Georganiseer deur
Die Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie (SOWT)
Posbus 1758, PRETORIA 0001

Instruksies

GEBRUIK SLEGS ’N POTLOOD

1. Jy word voorsien van ’n spesiale antwoordblad waarop jy jou olimpiade-nommer en antwoorde moet invul.
2. Jou NAAM en SKOOL SE NAAM moet asb. bo-aan die antwoordblad ingevul word.
3. Die nommer bestaan uit 10 syfers, bv 0206356007.
4. Jy ontvang jou **EIE** unieke nommer. Die nommer hieronder is slegs ’n voorbeeld.
5. Vul asb. jou nommer VAN LINKS NA REGS soos hieronder in.
6. Die eerste 7 syfers word onder STUDENTENOMMER ingevul en die laaste 3 word onder UNIEKE WERKOPDRAG ingevul. Laat die laaste 3 blokke oop soos die voorbeeld hieronder.
7. Kleur die ooreenstemmende blok in die kolom in.
8. **Ignoreer alle ander blokke wat om kodes vra.**

VOORBEELD:

STUDENTENOMMER STUDENT NUMBER							
0	**2**	**0**	**6**	**3**	**5**	**6**	
~~[0]~~	[0]	~~[0]~~	[0]	[0]	[0]	[0]	[0]
[1]	[1]	[1]	[1]	[1]	[1]	[1]	[1]
[2]	~~[2]~~	[2]	[2]	[2]	[2]	[2]	[2]
[3]	[3]	[3]	[3]	~~[3]~~	[3]	[3]	[3]
[4]	[4]	[4]	[4]	[4]	[4]	[4]	[4]
[5]	[5]	[5]	[5]	[5]	~~[5]~~	[5]	[5]
[6]	[6]	[6]	~~[6]~~	[6]	[6]	~~[6]~~	[6]
[7]	[7]	[7]	[7]	[7]	[7]	[7]	[7]
[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]
[9]	[9]	[9]	[9]	[9]	[9]	[9]	[9]

UNIEKE WERKOPDRAG NR STUDY UNIT e.g. PSY100-X					
0	**0**	**7**			
~~[0]~~	~~[0]~~	[0]	[0]	[0]	[0]
[1]	[1]	[1]	[1]	[1]	[1]
[2]	[2]	[2]	[2]	[2]	[2]
[3]	[3]	[3]	[3]	[3]	[3]
[4]	[4]	[4]	[4]	[4]	[4]
[5]	[5]	[5]	[5]	[5]	[5]
[6]	[6]	[6]	[6]	[6]	[6]
[7]	[7]	~~[7]~~	[7]	[7]	[7]
[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]
[9]	[9]	[9]	[9]	[9]	[9]

9. Die vrae is almal van dieselfde tipe. Daar is vier moontlike antwoorde.
10. Indien 3 jou keuse vir vraag 30 is, merk dit soos volg: 30 [1] [2] ~~[3]~~ 4]
11. Merk slegs een spasie per vraag.
12. As jy ’n antwoord wil verander, moet dit **VOLLEDIG** uitgevee word.
13. Drie uur word toegelaat om die vrae te beantwoord.

Moet asb. nie die antwoordblad vou nie
Lees hierdie instruksies noukeurig deur voordat jy die vrae beantwoord

Pryse geborg deur die AKTV

SOWT ATKV

27 Februarie 2003

Beste Kandidaat

Baie geluk met jou besluit om aan die Olimpiade deel te neem. Ons glo jy sal die uitdaging baie geniet.

Die vraestel bestaan uit 130 veelkeusige vrae en jy het drie uur tot jou beskikking. Daar is drie afdelings en jy behoort jou tyd soos volg in te deel:

Afdeling A: Begrip		
Vraag 1: Begrip	40 punte	55 minute
Vraag 2: Opsomming	10 punte	13 minute
Afdeling B: Taal		
Vraag 3: Taalleer	40 punte	52 minute
Afdeling C: Letterkunde		
Vraag 4: Prosa	20 punte	30 minute
Vraag 5: Poësie	20 punte	30 minute

Groottotaal: 130 punte

Almal ontvang sertifikate en jy kan jou uitslae teen middel Mei op die volgende webblad kry: **www.fest.org.za**

Baie sterkte!

Vriendelike groete

Mev. Erna Rossouw
Organiseerder

AFDELING A: BEGRIP

VRAAG 1: BEGRIP (±55 minute)

LEESSTUK A: Huwelike

Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat daarop volg:

237 **Huwelike**

Jou verlowing is 'n baie spesiale geleentheid. Moet dit dus nie geheim hou nie.

Vertel die wêreld van die goeie nuus! Kondig jou verlowing aan in Beeld-Snuffelgids teen 'n tarief van slegs R10.48 per reël per dag (BTW ingesluit).
Wanneer jy dit gedoen het, sal jy 'n volledige **GRATIS** Bruidsgids en beplanner ontvang oor huweliksetiket wat jou met die reëlings vir jou mooiste dag sal help.
Skakel die volgende nommers sodra jy verloof raak.

011 - 713-9007 of
012-420-7871-7880

Uit: **Bylae tot Beeld**
Donderdag, 17 Oktober 2002

1. Wat word hier geadverteer?

1. 'n Bruidsboek
2. 'n Verlowingspartytjie
3. 'n Advertensiediens
4. 'n Spysenieringsdiens

2. Om in Beeld Snuffelgids te adverteer …

1. is gratis.
2. kos jou slegs 'n telefoonoproep.
3. kos net R10,48 per reël per dag.
4. kos R10,48 per reël per dag + BTW.

3. Met "Jou mooiste dag" word bedoel …

1. die dag van jou verlowing.
2. jou troudag.
3. die dag wanneer die advertensie verskyn.
4. jou verjaarsdag.

4. Huweliksetiket beteken …

1. die etikette op jou tasse.
2. voorskrifte oor hoe jy jou huwelikslewe moet hanteer.
3. hoe jy jou moet gedra tydens jou huwelik-seremonie.
4. die aanvaarde gebruike rondom 'n troue.

5. Jy moet die genoemde telefoonnommers skakel om …

1. 'n advertensie te plaas.
2. jou verlowing aan te kondig.
3. 'n gratis bruidsgids te bestel.
4. jou voorgenome huwelik bekend te maak.

6. Die GRATIS Bruidsgids sal vir jou handig wees wanneer jy …

1. op 'n trourok moet besluit.
2. jou troue wil reël.
3. jou verlowingspartytjie wil reël.
4. jou wittebrood beplan.

7. Waar sal jy bogenoemde leesstuk aantref?

1. In 'n koerant
2. In 'n tydskrif
3. In 'n strooibiljet
4. Op die internet

[7]

LEESSTUK B: Die Goue Seun

DIE GOUE SEUN: DIE LEWE VAN UYS KRIGE
deur J.C. Kannemeyer (Tafelberg, R249.95)

Dié keurige en belangrike biografie is 'n spesiale leeservaring. Kannemeyer gee perspektief op die lewe van Uys Krige as wêreldreisiger, skrywer en mens wat graag stroomop geswem het. Daar word in detail oor verskeie aspekte van Krige se lewe vertel: sy jeugjare op die dorpies waar sy pa magistraat was, sy verhouding met sy ma, Sannie ('n skrywer), sy jare as joernalis, sy verblyf in Europa in die 1930's, sy reise en die jare wat hy op Onrus gewoon het. Kannemeyer se ontleding van Krige se verse is baie interessant. Hier en daar sou mens tog ook meer wou lees oor Krige se snaakse gewoontes en minder literêre besprekings wou hê.

Teks verwerk uit: **Sarie**, September 2002



8. Wat noem 'n mens hierdie leesstuk?

1. 'n Advertensie
2. 'n Artikel
3. 'n Resensie
4. 'n Koerantberig

9. Wie is die skrywer van die boek waaroor hierdie leesstuk gaan?

1. Krige
2. Kannemeyer
3. Tafelberg
4. Sannie

10. Uys Krige was "'n mens wat graag stroomop geswem het" beteken …

1. hy was hardkoppig.
2. hy kon baie goed swem.
3. hy het nie daarvan gehou om stroomaf te swem nie.
4. hy het mense probeer beïndruk.

11. Watter een van die volgende stellings is NIE korrek NIE?

Uys Krige was 'n …

1. digter.
2. skrywer.
3. verslaggewer.
4. magistraat.

12. Watter aspek van Uys Krige se lewe kry min aandag in die boek?

1. Sy reise
2. Sy gewoontes
3. Sy kinderjare
4. Sy ouers

13. Wie is die uitgewer van die boek?

1. Kannemeyer
2. Krige
3. Sarie
4. Tafelberg

14. Die boek "Die Goue Seun" is 'n …

1. novelle.
2. roman.
3. reisverhaal.
4. lewensbeskrywing.

15. "Goue seun" verwys na iemand wat …

1. baie ryk is.
2. goudblonde hare het.
3. goud werd is vir die letterkunde.
4. goud ontdek het.

[8]

LEESSTUK C: Ben, Bapsie en familie

Bestudeer die volgende strokie en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Uit: **Rapport**, 13 Oktober 2002

16. Watter woord sou tant Minnie die beste beskryf?

1. veeleisend
2. oorywerig
3. beterweterig
4. puntenerig

17. Wat bedoel oom Sarel met sy voorstel?

1. Hy gee baie om vir tant Minnie.
2. Hy wil graag vir tant Minnie iets duurs gee.
3. Hy wil nie vir tant Minnie 'n present gee nie.
4. Hy sou graag van tant Minnie ontslae wou raak.

18. Oom Sarel is tant Minnie se ….

1. swaer.
2. oom.
3. broer.
4. pa.

19. As jy na tant Henriëtta se gesigsuitdrukking in raampies 2, 3, 5, 6 en 7 kyk wat is haar gemoedstemming?

1. hartseer
2. opgewonde
3. bekommerd
4. kwaad

20. Watter een van die volgende idiome sou van toepassing wees op raam 8?

1. Die gort is gaar.
2. Bloed is dikker as water.
3. Susters in verdrukking.
4. Voëls van eenderse vere.

[5]

LEESSTUK D: LAM van KOOP

Bestudeer die volgende artikel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

sarie
HUMOR

LAM van KOOP

Uitverkoping? Vergeet maar van klere. Ons ware kleure kom na vore by dié karaktertoetse.

DEUR FRANÇOIS BLOEMHOF

Vir 'n bul is dit 'n rooi doek. Vir Oprah is dit waarskynlik 'n dubbeldek-toebroodjie wat bult met spek en eier en salami en ekstra mayonnaise. Vir Michael Jackson is dit beslis 'n plastiese chirurg se uithangbordjie.

Maar as daar nou een ding is wat ék nie kan weerstaan nie, is dit die volgende woorde op 'n klerewinkel se venster: *Halfprys-uitverkoping.*

Twintig persent is nie genoeg nie, al was ek op skool tevrede as ek dit vir 'n wiskundetoets kon kry. Twintig persent afslag beteken die winkel maak net 'n klein bietjie minder wins op die kledingstuk as gewoonlik – jy help nog steeds sy huur betaal.

Vyftig persent beteken dit is moontlik dat ek die hemp of broek of wat ook al teen dieselfde prys kry as wat hy dit aangekoop het. Dit is genoeg rede om 'n winkel binne te blits en te soek tót ek iets kry wat ek dalk, net dalk, eendag sal dra.

Want dis 'n winskoop.

My klerekas is vol winskope wat ek nooit dra nie. So is daar die veelkleurige syhemp wat selfs Josef van ouds 'n skeelhoofpyn sou gegee het. In die winkel reeds, pas ná ek gesien het hierdie skat – onmiskenbaar met sorg en visie vervaardig – kos so min, het ek al besef hoekom niemand anders dit opgeëis het nie. Dit sal 'n sterk hart verg om daarmee in die openbaar te verskyn, aangesien die meeste mense raakgesien maar nie aangegaap wil word nie.

Nietemin, daar is altyd die kans op ontdekking. Soos Indiana Jones van die wye doek en Lara Croft van die rekenaarspeletjie hou ons aan met soek, in ruimtes wat bekend maar anders voorkom: amper soos 'n vriendin met 'n nuwe haarstyl; 'n mengsel van opwinding en gerusstelling.

Want in 'n onseker wêreld bied uitverkopings

besliste sekerhede. Hieronder tel die feit dat die begeerlikste items muisklein of ekstra-ekstra-ekstra-ekstra-groot sal wees. Ek dra 'n nommer 32-broek, maar het twee nommer 28's in my klerekas – sulke lekker zef broeke dat ek in die aanpashokkie hul wurggreep kon uitstaan. Maar selfs op my mees selfmartelende dae kan ek dit nie langer as twee minute dra nie.

Uitverkoping gee ons die geleentheid om te kry wat ons glo ons nie andersins sou nie. En die mens is bang om ingeloop te word. Dieselfde mense, soos ek, wat by gesellighede hul bordjies met sout- en soetgoed oorlaai aangesien dit gratis is, kan hier gevind word.

Jy kry jou skatte wel op die verkeerde tyd – dis ou nuus en nie items wat die volgende paar maande in die mode gaan wees nie. Makiesakie, sê jy vir jouself; modes herhaal hulself.

Dit is 'n belangrike faktor daardie: die mededingendheid. Vergeet van klere; die mens se ware kleure kom na vore by hierdie karaktertoetse. Al ooit gesien

DIS DIE GELEENTHEID WAT ONS GLO NIE WEER SAL KOM NIE . . .

hoe twee volwassenes toutrek met 'n kleuterspeelpakkie? Mevrou, spaar jou beïndrukbare kind daardie gesig.

Maar laat ek tog vir my en my soort 'n lansie breek. . .

Een keer toe ek saam met die res van die opgewonde massa by 'n uitverkopende winkel se deur inglip, hoor ek 'n verkoopdame met 'n meewarige trek op haar gesig vir 'n handlanger sê: "They're really hungry today."

(Teks verwerk uit: **Sarie**, 26 Julie 2000)

21. Die skrywer impliseer dat ’n rooi doek vir ’n bul ..... is.

1. gevaarlik
2. aantreklik
3. onweerstaanbaar
4. helderkleurig

22. Al weet ek nie wie Oprah is nie, kan ek uit die eerste paragraaf aflei dat sy ….

1. ’n TV-aanbieder is.
2. oorgewig is.
3. baie van spek en eiers hou.
4. ’n rooi doek om haar kop dra.

23. ’n Plastiese chirurg ….

1. vervaardig plastiek.
2. herstel poppe.
3. opereer met plastiese instrumente.
4. doen rekonstruktiewe operasies.

24. Die skrywer het op skool ….

1. presteer in Wiskunde.
2. gewoonlik minder as 20% vir Wiskunde gekry.
3. gewoonlik meer as 20% vir Wiskunde gekry.
4. Nie Wiskunde as vak geneem nie.

25. Die skrywer ….

1. vermy halfprysuitverkopings.
2. koop selde by halfprysuitverkopings.
3. help die winkeleienaar se huur betaal.
4. is versot op halfprysuitverkopings.

26. Twintig persent afslag by uitverkopings is vir die skrywer ….

1. te min.
2. te veel.
3. genoeg.
4. ’n winskoop.

27. “om ’n winkel binne te blits” (reël 17) beteken ….

1. dit reën buite en jy soek skuiling.
2. jy hardloop vinnig die winkel binne.
3. jy is kwaad as jy die winkel binnegaan.
4. die blitspatrollie is op jou spoor.

28. Volgens die leesstuk koop ’n mens dikwels op ’n uitverkoping goed wat ….

1. goeie waarde vir geld is.
2. jou baie goed pas.
3. nog lank in die mode gaan wees.
4. vir jou nutteloos is.

29. “Josef van ouds” (reël 21) verwys na ….

1. ’n karakter uit die Bybel.
2. ’n baie ou man wat die skrywer ken.
3. ’n akteur.
4. die skrywer se ouer broer.

30. Volgens die skrywer hou die meeste mense daarvan om ….

1. aangegaap te word.
2. soos al die ander mense te lyk.
3. opgemerk te word.
4. onopsigtelik te wees.

31. Indiana Jones en Lara Croft het die volgende gemeen: albei ….

1. is rolprentsterre.
2. het nuwe haarstyle.
3. hou van rekenaarspeletjies.
4. verken gedurig die onbekende.

32. Die skrywer het twee nommer 28 broeke in sy kas omdat ….

1. dit die grootte is wat hy dra.
2. dit hom sal aanspoor om gewig te verloor.
3. hulle ’n “winskoop” op ’n uitverkoping was.
4. hy van styfpassende broeke hou.

33. Klere op uitverkopings is gewoonlik ….

1. te groot vir jou.
2. te klein vir jou.
3. nommerpas.
4. 1 en 2.

34. “Die mens is bang om ingeloop te word” (reël 44 en 45) beteken ….

1. ’n mens hou nie daarvan om gekul te word nie.
2. mense is bang om alleen rond te loop.
3. ’n mens is bang iemand sal voor jou by ’n uitverkoping inloop.
4. iemand loop agter jou aan.

35. Volgens die skrywer skep ’n mens meer kos op jou bord as wat jy kan eet, wanneer ….

1. die kos verniet is.
2. jy baie honger is.
3. jy krag nodig het voor ’n uitverkoping.
4. jy dalk nie gou weer die kans sal kry nie.

36. Met “Makiesakie” (reël 50) bedoel die skrywer ….

1. Ma kies altyd jou klere.
2. jy moet vir jou ’n sakkie maak.
3. dit maak nie saak nie.
4. Ma doen sake.

37. Jy regverdig jou “uit die mode” aankope deur jouself te oortuig dat ….

1. jy in elk geval nie ’n modeslaaf is nie.
2. jy nooit weer so ’n goedkoop artikel sal kry nie.
3. die artikel weer eendag in die mode sal wees.
4. jy nog altyd so iets wou gehad het.

38. Volgens die skrywer sal twee volwassenes toutrek oor ’n kleuterpakkie omdat ….

1. die pakkie se kleur baie mooi is.
2. altwee dalk jong kinders het.
3. die mens kompeterend van aard is.
4. dit ’n toets vir hulle karakters is.

39. Watter een van die volgende idiome pas by die leesstuk?

1. Vir jouself ’n kat in die sak koop.
2. Die vere maak die voël.
3. Die aap uit die mou laat.
4. Van die os op die jas.

40. Met die woorde “They’re really hungry today” bedoel die verkoopdame die klante is ….

1. baie honger.
2. agter goedkoop kos aan.
3. bakleierig.
4. gretig om te koop.

TOTAAL: [40]

VRAAG 2: OPSOMMING (±13 minute)

Die volgende filmopsommings is verwerk uit: e24/7, uitgawe nommer 5, November 2002. Dit is 'n gids tot elke maand se beste TV-films.

Ons wil die opsommings **korter** maak. Lees die stukke deur en kies telkens die beste, korter opsomming vir elkeen.

The Specialist

41. Sharon Stone en Sylvester Stallone lewer baie goeie spel in dié riller oor 'n agent in die CIA wat 'n mooi, jong vrou help om die man wat haar ouers doodgemaak het, te laat boet.

1. Sharon Stone en Sylvester Stallone speel in dié riller oor 'n agent in die CIA wat 'n vrou help om haar ouers se moordenaar te laat boet.
2. Twee bekende akteurs speel in dié riller oor 'n CIA-agent wat 'n vrou help om haar ouers se moordenaar te laat boet.
3. "The Specialist" is 'n riller oor 'n man wat 'n vrou help om haar ouers se moordenaar te vind.
4. In hierdie riller help 'n CIA-agent 'n vrou om haar ouers se moordenaar te laat boet.



Sunset Park

42. 'n Onderwyseres word die afrigter van die skool se swak basketbalspan. Die kinders kom almal uit ghetto's.

1. 'n Onderwyseres aan 'n hoërskool word die skool se basketbalafrigter.
2. 'n Onderwyseres word die afrigter van haar skool se swak basketbalspan vol ghetto-kinders.
3. 'n Onderwyseres word 'n basketbal-afrigter.
4. 'n Hoërskoolonderwyseres rig 'n swak basketbalspan af.

43. Sunset Park
Sy doen dit om ekstra geld te verdien omdat sy daarvan droom om haar eie restaurant op die Karibiese eiland van St. Croix te besit.

1. Sy doen dit want sy wil ekstra geld verdien om haar eie restaurant te besit.
2. Sy doen dit want sy wil ekstra geld verdien.
3. Sy doen dit want sy wil haar eie restaurant besit.
4. Sy doen dit want sy wil haar droom van 'n eie restaurant op St Croix bewaarheid.

44. Sunset Park
Die onderwyseres, Phyllis, het nog nooit geluk met mans gehad nie en is nie tevrede met haar onderwyspos nie. Sy droom van 'n beter lewe.

1. Die onderwyseres het nog nooit geluk met mans gehad nie en is nie tevrede met haar onderwyspos nie.
2. Die onderwyseres het baie probleme.
3. Phyllis is onsuksesvol met mans, ontevrede met haar werk en het 'n lewensdroom.
4. Phyllis is 'n eensame en ontevrede onderwsyeres.

The Matrix

45. Neo ontdek 'n waarheid wat hom skok: alle lewe op aarde is 'n plan om ons te mislei. Die plan is geskep deur 'n bose mag wat die wêreld wil beheer.

1. Neo is geskok en ontdek die waarheid dat alle aardse lewe 'n plan is om ons te mislei.
2. Neo ontdek 'n skokkende waarheid van 'n bose mag.
3. Neo ontdek dat alle aardse lewe dalk net 'n misleidende plan van 'n bose wêreldmag is.
4. Neo ontdek die waarheid dat alle aardse lewe dalk 'n plan is om ons te beheer.

Gremlins

46. 'n Pa wil sy seun verras en bring vir hom 'n troeteldier, wat heeltemal van ander troeteldiere verskil, van Chinatown af.

1. 'n Pa bring vir sy seun 'n ongewone troeteldier.
2. 'n Pa wil sy seun verras.
3. 'n Pa se verrassing aan sy seun is 'n ongewone troeteldier van Chinatown af.
4. 'n Pa keer terug van Chinatown met 'n verrassing.

47. Gremlins

Die reëls met hierdie troeteldier, 'n Mogwai, is maklik: hou hom weg van water, hou hom weg van helder ligte en moet hom bowenal nooit ná twaalfuur in die aand kosgee nie.

1. Die reëls met 'n Mogwai is maklik: hou hom weg van water, hou hom weg van helder ligte en moet hom nooit ná middernag kosgee nie.
2. Die reëls is maklik: 'n Mogwai word weggehou van water en helder ligte en moet nooit ná middernag kosgegee word nie.
3. 'n Mogwai is 'n troeteldier en moet versorg word.
4. Daar is maklike reëls met 'n Mogwai – troeteldier: geen water en helder lig nie en geen kos ná middernag nie.

East of Eden

48. Cal Trask is 'n tiener wat baie graag dieselfde liefde wil hê wat sy pa vir sy broer, Aron, het – maar sy pa ignoreer hom.

1. Cal Trask is 'n tiener.
2. 'n Tienerseun, Cal Trask, baklei met sy pa.
3. Cal Trask se pa is net lief vir sy broer, Aron.
4. Cal Trask is 'n tiener wat geen liefde kry nie, want sy pa is net lief vir sy broer.

49. East of Eden

Cal het so 'n obsessie met liefde dat hy verlief begin raak op sy broer se vriendin.

1. Cal is obsessief oor liefde.
2. Cal is obsessief en gefrustreerd.
3. Cal raak verlief op sy broer se vriendin omdat hy gefrustreerd en obsessief is.
4. Cal raak verlief op sy broer se vriendin.

The Pelican Brief

50. Julia Roberts speel 'n jong student wie se teorie oor die manier waarop twee mans dood is, veroorsaak dat haar lewe in gevaar is.

1. In hierdie riller is daar 'n student wie se teorie oor die dood van twee mans haar in lewensgevaar laat beland.
2. Julia Roberts speel in dié riller oor 'n student se lewensgevaarlike teorie.
3. Julia Roberts is 'n jong student en haar lewe is in gevaar.
4. Julia Roberts speel in dié riller oor 'n student se lewensgevaarlike teorie oor die dood van twee mans.

TOTAAL: [10]

AFDELING B: TAAL

VRAAG 3: TAALLEER (±52 minute)

51. Wat sal die korrekte woordorde vir die volgende sin wees?

Saam met haar broer/gesit/Karin/om te ontspan/ het/langs die see/rustig gister.

1. Karin gister het rustig saam met haar broer langs die see gesit om te ontspan.
2. Karin het rustig gesit gister saam met broer langs die see om te ontspan.
3. Karen het gister rustig saam met haar broer langs die see gesit om te ontspan.
4. Karin het langs die see rustig gister om te ontspan saam met haar broer gesit.

52. Wat sal die korrekte sin wees as ek die volgende twee sinne verbind deur met die woord "nadat" te begin?

Hulle swem in die see. Hulle sit op die strand en gesels.

1. Nadat hulle het in die see geswem, sit hulle op die strand en gesels.
2. Nadat hulle in die see swem, sit hulle op die strand en gesels.
3. Nadat hulle in die see swem, hulle sit op die strand en gesels.
4. Nadat hulle in die see geswem het, sit hulle op die strand en gesels.

53. Kies die korrekte woord wat uit die sin weggelaat is.

Karin sê dat hulle ma hulle nou uiteindelik in rus en _____ laat.

1. vrede
2. gesellig
3. kalmte
4. stilte

54. Indien ons Michael se woorde sou oorvertel:

Michael sê: "Ons kry nie baie tyd hiervoor nie."

Wat sal die korrekte sin wees?

1. Michael het gesê dat ons nie baie tyd hiervoor gekry het nie.
2. Michael het gesê dat hulle nie baie tyd daarvoor gekry het nie.
3. Michael het gesê dat ons nie baie tyd daarvoor gekry het nie.
4. Michael het gesê dat hulle nie baie tyd daarvoor het gekry nie.

55. Kies die korrekte woord wat uit die sin weggelaat is.

Dit is duidelik dat Michael nog verlief _____ Deanne is.

1. op
2. met
3. in
4. aan

Mark ..... Van kleins af 'n ster!

Mark Shuttleworth se lewe lees soos 'n ruimteverhaal. Reeds op skool is hy deur Wiskunde en Wetenskap gefassineer. Daarby het die ruimte toe reeds 'n besondere aantrekkingskrag gehad, maar volgens hom is daar geen vergelyking tussen sy verbeeldingsvlugte en die werklikheid nie – die ruimte is so groot!
Op 27 is hy nie net 'n multi-miljoenêr nie, maar ook een van die jongste ruimtereisigers. Hy glo dat 'n mens vroeg in jou lewe mikpunte moet stel en dat jou werk ook jou passie moet wees.

(Saamgestel uit verskillende tekste)

56. Kies die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Mark Shuttleworth is die eerste (Suid-Afrika) wat in die ruimte was.

1. Suid-Afrikaanse
2. Suid-Afrikaaner
3. Suid-Afrikaner
4. Suid-Afrikaan

57. Kies die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Hy glo dat hoe (vroeg) 'n mens mikpunte stel, hoe beter sal jy in die lewe doen.

1. vroër
2. vroeër
3. vroeer
4. vroeger

58. Kies die korrekte woord wat uit die sin weggelaat is.

Wiskunde en Wetenskap was sy _____ vakke op skool.

1. gunstelende
2. gunstelling
3. gunstellinge
4. gunsteling

59. Kies die korrekte woord wat uit die sin weggelaat is.

'n Mens moet altyd _____ geniet al werk jy baie hard.

1. jou
2. jyself
3. jy
4. jouself

60. Kies die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Die ruimte was baie (groot) as wat hy verwag het.

1. groter
2. grooter
3. grotter
4. grootter

61. Wat sal die korrekte sin wees indien jy die sin oorskryf en met "'n Boek _____ " begin?

Hy sal binnekort 'n boek oor die ondervinding skryf.

1. 'n Boek oor die ondervinding sou binnekort deur hom geskryf word.
2. 'n Boek sal oor die ondervinding binnekort deur hom geskryf word.
3. 'n Boek oor die ondervinding sal deur hy binnekort geskryf word.
4. 'n Boek oor die ondervinding sal binnekort deur hom geskryf word.

62. Kies die korrekte woord wat uit die sin weggelaat is.

Mark Shuttleworth was as 27 _____ een van die jongste ruimtevaarders.

1. jarige
2. jaarige
3. jaerige
4. jarig

63. Watter sin sal korrek wees indien jy die volgende twee sinne verbind?

Mark Shuttleworth het eerste met sy ouers gepraat. Hy het met Nelson Mandela 'n gesprek gehad.

1. Mark Shuttleworth eerste het met sy ouers gepraat, toe het hy 'n gesprek met Nelson Mandela gehad.
2. Mark Shuttleworth het eerste met sy ouers gepraat, toe het hy 'n gesprek met Nelson Mandela gehad.
3. Mark Shuttleworth het eerste met sy ouers gepraat, toe hy 'n gesprek met Nelson Mandela gehad het.
4. Mark Shuttleworth het eerste met sy ouers gepraat, toe hy 'n gesprek met Nelson Mandela het gehad.

FAKULTEIT EKONOMIESE & BESTUURSWETENSKAPPE

Hier wys ons jou nie net die sakeplan nie,
Maar gee jou ook die gereedskap na sukses.
Van IT na Ekonomie na Bemarking.
Op die vriendelike Afrikaanse en Engelse
kampus het ons die programme vir
jou toekoms.

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

e-pos: info@stig.uovs.ac.za
tel: (051) 401-2357

64. In hierdie advertensie staan die afkorting e-pos vir:

1. elektriese pos
2. ekstra vinnige pos
3. elektroniese pos
4. eie pos

65. In hierdie advertensie staan die afkorting IT vir:

1. inligtingstegnologie
2. inligtingstegnieke
3. interaksie tegnologie
4. intelligente tegnologie

66. Kies die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Die teikenmark vir die advertensie is (matriek)

1. matrieke
2. matriekleerders
3. matriekke
4. matrikulante

67. Kies die korrekte woord wat uit die sin weggelaat is.

Daar word in twee tale onderrig, dus is die kampus _____

1. tweetallig
2. tweedetalig
3. tweetaalig
4. tweetalig

68. Kies die korrekte woord wat uit die sin weggelaat is.

Die advertensie moedig jou aan om _____ die Universiteit van die Vrystaat te studeer.

1. by
2. toe
3. aan
4. met

69. Watter sin is korrek indien jy hierdie sin oorskryf en met "In die verlede …" begin?

Jou ouers besluit watter universiteit die beste is.

1. In die verlede het jou ouers besluit watter universiteit die beste gewees het.
2. In die verlede het jou ouers gebesluit watter universiteit die beste is.
3. In die verlede jou ouers het besluit watter universiteit die beste is.
4. In die verlede het jou ouers besluit watter universiteit die beste was.



70. Kies die korrekte woord wat in die volgende sin uitgelaat is.

Jeremy lê teen sy bed en gesels _____ Hector.

1. met
2. by
3. saam
4. vir

71. Watter woord sal dieselfde betekenis as "nie-produktief" in die sin hê?

Jy is hierdie vlieg wat 'n totale **nie-produktiewe** lewe lei.

1. anti-produktiewe
2. produksielose
3. produktieflose
4. onproduktiewe

72. Watter sin is korrek indien jy hierdie sin oorskryf en begin met "Jeremy glo 'n mens hoef_____ "?

Jeremy glo 'n mens moet altyd vroeg opstaan.

1. Jeremy glo 'n mens hoef nie altyd om vroeg op te staan nie.
2. Jeremy glo 'n mens hoef nie altyd vroeg op te staan nie.
3. Jeremy glo 'n mens hoef altyd vroeg op te staan.
4. Jeremy glo 'n mens hoef nie altyd vroeg te opstaan nie.

73. Indien jy die sin oorvertel, watter sin is korrek?

"Jou ma het my dieselfde vraag gevra toe ek jou teen middagete wakker gebel het."

1. Hector sê dat haar ma hom dieselfde vraag gevra het toe hy hom teen middagete wakker gebel het.
2. Hector sê dat sy ma hom dieselfde vraag gevra het toe hy hom teen middagete wakker gebel het.
3. Hector sê dat sy ma jou dieselfde vraag het gevra toe hy hom teen middagete wakker gebel het.
4. Hector sê dat hy se ma hom dieselfde vraag gevra het toe hy hom teen middagete wakker gebel het.



74. Kies die korrekte woord wat uit die sin weggelaat is.

Die jong man _____ sy daar aankom, is nie hulle idee van 'n lewensmaat nie.

1. by wie
2. met wat
3. waarmee
4. met wie

75. Kies die korrekte woord wat uit die sin weggelaat is.

Sy _____ is vol helder strepe.

1. T – Hemp
2. t hemp
3. T hemp
4. T – hemp

76. Kies die korrekte woord wat uit die sin weggelaat is.

Hulle vergeet dat dieselfde kleure in die sestigs deur hulle gedra _____

1. is.
2. was.
3. moes.
4. het.

77. Watter sin is korrek indien jy die sin oorskryf en begin met "Gister _____ "?

Haar ouers staan en wonder wat hulle nou moet doen.

1. Gister het haar ouers gestaan en gewonder, wat hulle toe moes doen.
2. Gister het haar ouers gestaan en wonder wat hulle nou moes doen.
3. Gister het haar ouers gestaan en gewonder wat hulle nou moes gedoen het.
4. Gister het haar ouers gestaan en wonder wat hulle toe moes doen.

78. Kies die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Haar ouers het 'n (verbaas) uitdrukking op hulle gesigte.

1. verbasende
2. verbaasder
3. verbaasde
4. verbaasste

79. Kies die korrekte woord wat uit die sin weggelaat is.

Die jong man _____ saam met hulle dogter loop, lyk soos 'n hippie.

1. wat
2. waarmee
3. wie
4. met wie

80. Kies die korrekte woord wat uit die sin weggelaat is.

Dit is duidelik dat hulle kêrel en _____ is.

1. meisiemens
2. meisie
3. nooi
4. wyfie

81. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Dit sal nie help om met haar te praat nie, want haar kop is (baie vol) muisneste.

1. doodvol
2. stampvol
3. propvol
4. kurkvol

82. Kies die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Dit is duidelik dat Jeremy en sy pa van sy (kind + dag) af 'n goeie verhouding het.

1. kinderdae
2. kindsdae
3. kinderdag
4. kinderdaë

83. Kies die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Jeremy wil 'n werk doen waarin hy (interesseer) is.

1. geïnteresseerde
2. geïnteresseer
3. geinteresseert
4. geïnteresseerd

84. Watter sin is korrek indien jy die sin oorskryf en begin met Jeremy sê: "In die toekoms –"

Jeremy sê: "Ek wil iets doen om 'n verskil te maak."

1. Jeremy sê: "In die toekoms hy sal wil iets doen om 'n verskil te maak."
2. Jeremy sê: "In die toekoms sal ek iets wil doen om 'n verskil te maak."
3. Jeremy sê: "In die toekoms sal ek iets doen wil om 'n verskil te maak".
4. Jeremy sê: "In die toekoms sal ek om 'n verskil te maak iets wil doen."

85. Wat sal die beste antwoord op die volgende vraag wees?

Het jy al aan iets gedink om te doen?

1. Nee, ek het nie al aan iets gedink om te doen nie.
2. Nee, jy het nog niks gedink om te doen nie.
3. Nee, ek het nog nie aan iets gedink om te doen nie.
4. Nee, ek het nog nie aan iets gedink nie om te doen.

86. Kies die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Jeremy het definifief (drome vir die toekoms).

1. toekomendedrome
2. toekomsdroom
3. toekomsdroome
4. toekomsdrome

87. Kies die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Die man het uitgesien na ’n (geniet) naweek langs die viswater.

1. genotvolle
2. genietende
3. genietlike
4. genotlikke

88. Kies die korrekte woord wat uit die sin weggelaat is.

Sy vrou kyk_____ die venster uit.

1. deur
2. uit
3. aan
4. by

89. Kies die korrekte woord wat uit die sin weggelaat is.

Dit is duidelik dat sy haar_____ in die situasie.

1. verlustig
2. verlistig
3. lekkerkry
4. verblydend

90. Wat sal die korrekte sin wees indien jy die sin oorskryf en begin met “Nee, na die ongelukkie ”

Die man het ’n pragtige nuwe visstok.

1. Nee, na die ongelukkie sal die man nie ’n pragtige nuwe visstok hê nie.
2. Nee, na die ongelukkie sal die man nie ’n pragtige nuwe visstok het nie.
3. Nee, na die ongelukkie die man sal nie ’n pragtige nuwe visstok hê nie.
4. Nee, na die ongelukkie sal die man ’n pragtige nuwe visstok nie hê nie.

TOTAAL: [40]

AFDELING C: LETTERKUNDE

VRAAG 4: PROSA (±30 minute)

Lees die volgende stuk goed deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

"Pragtig?" vra Gezina Greyling verontwaardig. "Pragtig? Dit is getatoeëer op my dogter se skouer en jy sê dit is pragtig. Dit is 'n brandmerk van die duiwel op my Magriet se lyf en jy sê dit is pragtig! Nee, Havenga, ek verstaan jy is nuut hier, maar op Riebeeck laat ons nie ons kinders mismaak deur die gruwels van die stad nie."

ooOOoo

Ek bel eers vir ou dokter Reitz om te hoor of tatoeëermerke verwyder kan word. "O, jy praat van Magriet se krokodilletjie," sê hy. Klein dorpie. "Met die nuwe lasers haal hulle hom af sodat jy nie eens kan sien hy was daar nie. Maar dis seer."

ooOOoo

Ek steek my kop by die deur uit. "Konstabel Abel!"

"Ek het 'n moordsaak vir jou, Pieter."
"Wraggies, Inspekteur!" Sy oë is groot agter die brillense.
"Ja." En dan glimlag ek. "Ek wil hê jy moet 'n krokodilletjie vermoor."

ooOOoo

"Ja, Mevrou, hier is dwelmbendes in die Wes-Kaap bedrywig en ons wil hul aktiwiteite uitroei."

"Die bendes," por sy vir Pieter Abel aan. Hy hoor nie. Sy sê dit 'n bietjie harder.
"O… e… ja, die bendes. Juffrou, ek is hier om jou in hegtenis … Ek bedoel, ek moet jou ondersoek… ek bedoel, ek is hier vir 'n ondersoek."
"Ja," sug Magriet asof dit die beste nuus is wat sy in weke gehoor het.

ooOOoo

Dis nie maklik vir 'n vyf en veertigjarige stasiebevelvoerder om soos 'n rocker aan te trek nie. Vra my. Ek moes die Saterdag voor Nuwejaar spesiaal 'n frokkie, denimbroek en -baadjie gaan koop. Die sandale het ek gelukkig gehad. En my hare, sien ek in die patrollievoertuig se truspieël, lyk nog steeds kort en yl, al is dit geolie en teruggekam.
Ek hou voor die Greylings se huis stil. Stap voordeur toe en klop aan. Gezina maak die deur oop. Ek herken haar amper nie. Sy lyk… asemrowend. Jonk. En… laat ek nou maar eerlik met myself wees: sexy.

"Ons lyk soos middeljarige hippies."

ooOOoo

Tot 'n gil so hard en vreesbevange opklink dat selfs die orkes ophou speel.
"Ma!"
Dit is Magriet, wat ons eindelik raaksien. Die skare maak 'n pad oop vir haar en Pieter Abel. 'n Doodse stilte daal oor die Riebeeck-landbousaal neer. Die omstanders hang aan Magriet se lippe.
"Wat doen Ma hier?"
"Ons dans, my kind."
"Kyk hoe lyk Ma."
"Dink jy nie sy lyk pragtig nie?" gooi ek my stuiwer.

"Ek dink Ma lyk …"
Gezina knipoog vir my, die teken waarop ons afgespreek het.
"Nee wat, my kind, dit is in die mode," sê sy terwyl ons so saam-saam van ons denimbaadjies ontslae raak.
Ek en Gezina het net moulose geel frokkies onder die baadjies aan.

"Musiek, asseblief!" roep ek in die rigting van die orkes.
Weer gil Magriet, dié keer bloedstollend. "AAAAA!" Die orkes val uiteraard nie in nie.
"Ma!"
Gezina glimlag liefies. "Ja, my kind?" Magriet wys met 'n bewende vinger na Gezina se skouer. "Wat is dit daai, Ma?"
"My krokodilletjie, my kind"

Verwerk uit **Magriet se krokodilletjie**. Uit: Bottervisse in die jêm. Deon Meyer. 1997: J.P. van der Walt, Pretoria

91. Waarom het Havenga se opmerking dat die krokodilletjie pragtig is, Gezina so ontstel?

1. Sy het nie gedink dat dit pragtig was nie.
2. Sy het nie gedink hy moes 'n opinie gee nie, net na haar luister.
3. Sy was te ontsteld om self te sien hoe mooi dit is.
4. Sy het met 'n probleem na hom gekom en sy reaksie was nie waarop sy gehoop het nie.

92. Watter stelling is NIE korrek NIE?

1. Gezina dink dat 'n tatoeëermerk uit die bose is.
2. Gezina voel dat die tatoeëermerk haar dogter se liggaam skend.
3. Gezina dink dat Havenga tatoeëermerke goedkeur omdat hy nuut op Riebeeck is.
4. Gezina beskou tatoeëermerke as een van die euwels uit die stede wat nie by hulle kinders hoort nie.

93. Watter stelling is NIE korrek NIE?

1. Havenga het Gezina nou die eerste keer ontmoet.
2. Nuus versprei vinnig in Riebeeck.
3. Die mense van Riebeeck aanvaar die nuutste modeneigings.
4. Gezina is 'n konserwatiewe ma.

94. Wat was Inspekteur Havenga se eerste poging om vir Gezina te help?

1. Hy wou uitvind wat die maklikste manier was waarop Magriet die krokodilletjie kon laat verwyder.
2. Hy wou hê die dokter moes van die krokodilletjie ontslae raak.
3. Hy het dadelik met Magriet gaan praat.
4. Hy het aanbeveel dat sy laserbehandeling kry.

95. "O, jy praat van Magriet se krokodilletjie," sê hy. Klein dorpie.

Wat bedoel Havenga met die woorde Klein dorpie" in die sin hierbo?

1. Almal in die dorp ken vir Magriet.
2. Almal in die dorp weet van die tatoeëermerk.
3. In so 'n plek weet almal alles van mekaar af.
4. Hy dink dat mense wat in 'n klein dorpie woon, tatoeëermerke nie sal aanvaar nie.

96. Waarom besluit die inspekteur om Konstabel Abel na Magriet toe te stuur?

1. Sy sal dalk makliker na 'n ander jong mens luister as na hom.
2. Hy wil 'n moordsaak oor die krokodilletjie open.
3. Hy het nie self tyd om so 'n nietige saak te ondersoek nie.
4. Konstabel Abel is nog jonk en sal deeglike werk doen.

97. Waarom het die inspekteur se plan skeefgeloop?

1. Konstabel Abel wou eerder die saak oor die dwelmbendes ondersoek.
2. Konstabel Abel het vergeet waarom hy Magriet moes gaan sien.
3. Konstabel Abel en Magriet het dadelik op mekaar verlief geraak.
4. Magriet dink die ondersoek na die bendes sal haar ma se gedagte van haar krokodilletjie wegneem.

98. Die sin "Dis nie maklik vir 'n vyf en veertigjarige stasiebevelvoerder om soos 'n rocker aan te trek nie", impliseer dat…

1. hy sy beleid wou verander en meer modern word.
2. hy voel dat hulle 'n ander manier moes vind om die probleem op te los.
3. hy nie eintlik weet watter tipe klere hy moes dra nie.
4. die klere wat hy moet dra, nie binne sy normale smaak val nie.

99. Watter antwoord pas NIE by die stelling NIE?

Inspekteur Havenga is 'n toegewyde polisieman.

1. Hy probeer inligting kry waarmee hy Magriet kan help.
2. Hy stuur 'n jong konstabel om met Magriet te gaan praat.
3. Hy skaf selfs nuwe klere aan om sy plan uit te voer.
4. Hy is bereid om 'n gek van homself te maak om 'n probleem op te los.

100. Waaraan kan inspekteur Havenga agterkom dat hy oud word?

1. Sy hare wat al redelik min is.
2. Hy moes spesiaal gaan klere koop.
3. Hy het nog ’n ou paar sandale gehad.
4. Die olie wat hy aan sy kort hare moes smeer.

101. Kies ’n woord om die sin te voltooi.

Gezina se voorkoms het inspekteur Havenga …

1. verveel
2. benadeel
3. verbaas
4. bedroef

102. Met die woorde “Ons lyk soos middeljarige hippies.” wil Gezina sê dat…

1. hulle reg aangetrek is vir die rol wat hulle moet speel.
2. sy dink hulle lyk belaglik.
3. sy daarvan hou om ouderwetse klere te dra.
4. dat hulle die verkeerde klere aangetrek het.

103. Wanneer is die partytjie gehou waarheen hulle gegaan het?

1. Saterdagaand.
2. Nuwejaarsdag.
3. Die Saterdagaand voor Nuwejaar.
4. Die dag voor Nuwejaar.

104. Die sin “Dit is Magriet, wat ons eindelik raaksien” impliseer dat…

1. Magriet hulle nie daar verwag het nie.
2. Magriet nie geweet het hulle het al opgedaag nie.
3. Magriet te besig was om die partytjie te geniet om aan hulle aandag te gee.
4. hulle al redelik lank by die dans was.

105. Waarom was Magriet se gil “vreesbevange”?

1. Sy het gedink dat haar ma haar agtervolg het.
2. Sy was bang dat haar ma die verkeerde dinge sou sê.
3. Sy kon nie glo dat dit haar ma was wat so lyk nie.
4. Sy wou nie hê Pieter Abel moes haar ma so sien nie.

106. Kies die antwoord wat NIE by die aanhaling pas NIE.

“Die skare maak ’n pad oop vir haar en Pieter Abel”

1. Pieter Abel het haar na die dans vergesel.
2. Daar was baie mense by die dans.
3. Die mense het padgegee sodat sy alleen met haar ma kon praat.
4. Baie mense het alreeds om inspekteur Havenga en Gezina gestaan.

107. “Die omstanders hang aan Magriet se lippe.” beteken…

1. dat almal wil hoor wat sy gaan sê.
2. die mense maak so lawaai dat hulle baie naby haar moet staan.
3. hulle weet wat Magriet gaan sê.
4. hulle wil seker maak dat sy vir haar ma sê hoe sy voel.

108. Kies ’n woord om die sin te voltooi.

Magriet het haar ma se voorkoms…

1. aanvaar.
2. veroordeel.
3. beskerm.
4. verdra.

109. Wat was die eintlike doel waarom Gezina en Havenga daardie spesifieke klere gedra het?

1. Om in die mode te wees.
2. Om Magriet se aandag te trek.
3. Om seker te maak Magriet sien die tatoeëermerk op haar ma se skouer.
4. Om nie by die ander dansers af te steek nie.

110. Watter Afrikaanse uitdrukking sou Havenga en Gezina se taktiek die beste beskryf?

1. Die appel val nie ver van die boom af nie.
2. Die doel heilig die middel.
3. Die vere maak die voël.
4. Die een se dood is die ander se brood.

TOTAAL: [20]

VRAAG 5: POËSIE

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat daarop volg:

GEE ONS

1. Trek uit jou manel en stywe broeke,
2. trek ’n T-shirt oor jou kop, slof saam straat af,
3. met ’n paar tekkies, rollers en kopdoeke,
4. verloor gewig van tradisie, begin met ons draf.
5. Wys jou bene gekleur met sonbrand,
6. lag met ons van die Bo Kaap tot Namakwaland.
7. Sweet saam met ons in die Groot Karoo
8. waar ons jou nog vashou
9. en deur jou in onse Here glo.
10. Laat ons wat nog derde-klas
11. en oorvol taxi’s ry
12. jou bevoel betas bevry.
13. Gee ons ’n kans
14. om ook saans met jou in die disko’s te dans.
15. Gee ons ’n lekker kaalvoet-
16. keffiestoep-gatmak
17. Afrikaans.

André Boezak

Uit: **Die Afrikaanse poësie in ’n duisend en enkele gedigte: Gerrit Komrij.**

1999 Uitgewery Bert Bakker Amsterdam.

111. Waarna of na wie verwys die woord “jou” in reël 1?

1. Afrikaners
2. Afrikaans
3. Afrikaanses
4. Afrikane

112. Waartoe moedig die spreker die “jou” aan in die eerste drie reëls?

1. Om minder formeel te wees.
2. Om van voorkoms te verander.
3. Om klere van die nuutste mode te dra.
4. Om altyd dieselfde te bly.

113. Wat het die “jou” nog altyd beperk?

1. gewig
2. klere
3. mense met wie “jou” assosieer
4. vaste gebruike uit die verlede

114. “lag met ons van die Bo Kaap tot Namakwaland (reël 6) sê vir ons dat …

1. dit die enigste plekke is waar mense Afrikaans praat.
2. Afrikaans oor ’n groot gebied in die Kaap gepraat word.
3. daar net Afrikaanse mense woon.
4. Afrikaans ook humoristies kan wees.

115. Watter frase sê vir ons dat die spreker verskil van daardie Afrikaanssprekendes wat van Afrikaans probeer ontslae raak?

1. Trek uit jou manel (r1)
2. begin met ons draf (r4)
3. ons jou nog vashou (r8)
4. Gee ons ’n kans (r13)

116. Watter stelling is NIE korrek NIE?

1. Die spreker beoefen sy godsdiens in Afrikaans.
2. Die spreker beskou homself as deel van die werkersklas.
3. Die spreker besef dat Afrikaans bevry kan word as gewone mense toegelaat word om dit op hulle eie manier te praat.
4. Die spreker voel dat Afrikaans slegs deur arm mense gepraat moet word.

117. Met die woorde “om ook saans met jou in die disko’s te dans (reël 14) wil die spreker sê dat …

1. Afrikaanse musiek ook in disko’s gespeel moet word.
2. die werkersklas ook by disko’s toegelaat moet word.
3. slegs Afrikaanse musiek by disko’s gespeel moet word.
4. hulle disko’s moet hou waar hulle Afrikaanse musiek kan speel.

118. Watter woord pas NIE by die nuwe voorkoms van Afrikaans NIE?

1. tekkies
2. kaalvoet
3. manel
d. keffiestoep

119. Watter woord verwys na ’n plek waar mense bymekaarkom en Afrikaans praat soos hulle wil?

1. keffiestoep
2. disko
3. straat af
4. Bo Kaap

120. Watter woord pas NIE by die stelling hieronder NIE?

Volgens die spreker is Afrikaans geskik vir enige doel want daarin kan jy…

1. vrolik wees saam met vriende.
2. met mense in die Bo Kaap, Namakwaland en die Groot Karoo kommunikeer.
3. jou geloof uitleef.
4. sosiaal verkeer.

121. Wat is die toon van hierdie gedig?

1. depressief
2. aanmoedigend
3. negatief
4. bekommerd

122. Die spreker gee ’n paar opdragte aan Afrikaans. Waarom doen hy dit? Kies die beste antwoord.

1. Hy wil leer om Afrikaans foutloos te praat.
2. Daar is baie mense wat Afrikaans kan praat, maar te bang is om dit te doen.
3. As mense toegelaat word om Afrikaans in enige vorm te praat, sal dit die taal benadeel.
4. Hy voel dat Afrikaans eers tot sy reg sal kom as die mense toegelaat word om dit te praat sonder om by al die reëls te hou.

Hierdie gedig is deur Ingrid Jonker geskryf. Die spreker vertel vir ons van mense wat by die see vakansie hou. Die spreker dink terug aan haar kinderdae toe sy 'n klein dogtertjie was en met haar emmertjie in die sand gespeel het.

BEGIN SOMER
(vir Simone)

1. Begin somer en die see
2. (is) 'n oopgebreekte kweper (kweper = a quince / kind of fruit)
3. die lug soos 'n kind
4. se ballon
5. ver bo die water

6. Onder die sambrele (sambrele = umbrellas)
7. soos gestreepte lekkergoed
8. miere van mense (miere = ants)
9. en die gul lag van die baai
10. het goue tande

11. Kind met die geel emmertjie
12. en die vergete vlegsel
13. jou mond is sekerlik 'n klokkie (klokkie = a bell)
14. kleintongetjie klepeltjie
15. Jy bespeel die son daglank
16. soos 'n ukulele (ukulele = 'n musiekinstrument)

Voltooi elk van die volgende sinne deur telkens die korrekte antwoord te kies:

123. Die tyd in die gedig is …

1. Desembervakansie
2. Aprilvakansie
3. Septembervakansie
4. Julievakansie

124. "… en die see (is) 'n oopgebreekte kweper" (reël 2) is 'n voorbeeld van …

1. Personfikasie
2. 'n Metafoor
3. 'n Vergelyking
4. 'n Oksimoron

125. Die derde strofe is meer na regs op die papier gedruk sodat daar 'n wit spasie aan die linkerkant van die gedig is. Die digteres het dit so geskryf om aan te dui dat …

1. die golwe teen die strand spoel.
2. die son nou ondergaan.
3. die spreker nou terugdink aan haar kinderdae.
4. die kind met die vlegsels ver van die ander mense af in die sand speel.

126. Die alliterasie in "vergete vlegsel" (reël 12) beklemtoon dat …

1. die spreker na haar kinderdae verlang.
2. die vlegsel blond was.
3. hierdie gedig 'n ou gedig is.
4. alle klein dogtertjies vlegsels het.

127. Die kind se mond word met 'n klokkie vergelyk. Dit beteken dat die kind …

1. baie hard huil.
2. baie hard lag.
3. glimlag.
4. lekkergoed eet.

128. Die beeld: "die lug soos 'n kind se ballon ver bo die water" (reël 3 tot 5) dui daarop dat die lug ..... lyk.

1. vuil en deinserig
2. helder en duidelik
3. potblou
4. spierwit

129. Met 'n "ukulele" (reël 16) kan jy _____ maak.

1. klanke
2. roosterbrood
3. tuin
4. sandkastele

130. Die atmosfeer in die gedig is …

1. vrolik.
2. hartseer.
3. vrolik, hartseer en nostalgies.
4. nostalgies.

TOTAAL: [20]
GROOTTOTAAL: [130]

Die Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie (SOWT)
Posbus 1758, PRETORIA 0001

PRINTED BYKR LITHO